Saamlees

deur ELIZE PARKER

'n Skerfie lig

Antwoorde is daar nie vir dié wat treur of wil troos nie – slegs 'n hoop groter as die dood. Juis dít wil sy aangee met haar woorde oor die verlies van haar seun, sê **Lizette Murray**.

Dit was 'n helder Kaapse wintermiddag toe Lizette Murray, ma van vyf, die oproep kry. Henri, haar 22-jarige middelkind, is naby Simonstad deur 'n haai aangeval.

Op 4 Junie vanjaar, presies drie jaar later, het sy saam met twee vriendinne die sonsopkoms oor haar kind se "laaste speelplek" gaan beleef. Daar, op die rotse by Millerspunt se baaitjie, het sy opnuut besef "Henri sal saam met Christus uit die dood opgewek word".

In *Henri stap aan* deel Lizette iets van haar paadjie van treur en troos. Van die essays in hierdie bundel is al in **Lééf** gepubliseer as 'n reeks rubrieke met dieselfde titel.

"Met dié boekie vertel ek die storie van ons gesin wat in die teenwoordigheid van baie liefde heel gebly het. Ek wil met mense deel dat God Sy kinders op vreemde maniere troos – nes Hy my getroos het.

"Met my woorde wil ek vir lesers my vriendskap aanbied. Hulle laat binnekom. 'n Boek is mos nooit 'n eenrigtingstraat nie."

Sy's alsbehalwe 'n gedissiplineerde skrywer, bieg Lizette. Die bundel se notas is geskribbel op kontantstrokies, agterkante van resepte en hier en daar op 'n stukkie koerantpapier. Nadat al die flentertjies bynekaargemaak is, begin die lang ure van bid en dink en oor en oor skryf.

"Ek versamel my eie opmaakwoorde ook so. Daaruit word idees vir my skryfwerk gebore. Ek dink ek is 'n kriewelrige skrywer."

Dis veral in haar kombuis, as sy agter die kospotte staan, dat gedagtes en woorde aanklop. "Skryf help my kliek wat ek dink en voel."

Dié kuier met haar eie gedagtes het al kleintyd begin toe sy smiddae na skool op haar "sitklip" op Stellenbosch die skooldag bedink het.

"Ook sorgvrye vakansies destyds op ons familieplaas in die Vrys laat my vandag steeds stadiger na die lewe en sy dinge kyk."

In *Henri stap aan* skets Lizette 'n prentjie van haar seuns se gr wordjare en hul hegte gesinslewe. Sy vertel van haar geloofsrei midde van die rouproses. "My bundel is 'n loflied aan die God van Lewe wat Sy kinders nooit alleen los nie."

Eintlik, sê sy, wil sy net hoop aangee vir almal wat swaarkry. Da skerfie lig vir iemand in donker tye.

"Ek het besef hoe min woorde eintlik kan sê, maar ook hoe opre eerlik 'n mens jou wel kan uitdruk. Ons is almal soekende, brose m se. Die bundel probeer nie antwoorde gee nie. Ek wil net hê m moet tuis voel met my woorde en getroos kan aanstap."

▪SPESIALE AANBOD VIR LÉÉF-LESERS!
Bestel *Henri stap aan* teen R90 terwyl voorraad hou. Kontak Lizette by ☎ 073 728 2075, Posbus 1421, Durbanville 7551, stapaan@mweb.co.za

Wen! Vyf **Lééf**-lesers kan elk 'n eksemplaar van *Henri sta aan*, uitgegee deur Corals Publishers, losslaan. Stuur jou volledige kontakbesonderhede na **Lééf** /*Henri stap aan*-weggee, Pos bus 785240, Sandton 2146. **Sluitingsdatum:** 31 Desember 200

Vasbyt vandag!

Moed vir elke môre deur Milanie Vosloo (CUM, R110).

Met God aan jou sy is enigiets moontlik. Dié tydlose boodskap vorm die hart van Milanie, **Lééf**-rubriekstem en bekende skrywer van motiverende en inspirerende geestelike boeke, se verfrissende bundel dagstukke.

Met die oog op moed skep en moed hou kyk sy na u dagings soos kans sien vir oorbegin en die kuns om el dag jou roeping vasberade aan te pak. Vir dié wat oorw dig voel deur alledaagse eise kan dit 2/3 spirasie wees o die lewe weer vierkant in die oë te kyk.

▪Bestel by ☎ 0860 110 321.

[illegible]